


## Koronavirus-GKSA

**Moenie dat die koronavirus veroorsaak dat jy van jou geloofsgemeenskap afgesny word nie.**

Die GKSA, in samewerking met die NHKA, het Christelike video's geskep wat sal help dat ons as gelowiges nie kontak verloor tydens hierdie tydperk van self-isolasie nie.

**Die video's sluit in:**

- Dagboodskappe & Bybelse Intellektue Toepassingsgesprekke;
- Eredienste & Dieptebesprekings;
- 'n Groot aantal Bybelverhale vir Kleuters en Kinders;
- Aktuele programme vir tieners en jongmense;
- Ware vertelings wat hoop gee.

**Binnekort:**

- 'n Uitgebreide Katkisasieprogram;
- Verskeie eredienste wat lofsang insluit.

**Toegang tot ons videos gaan na:**

**www.glomedia.tv**

*"Teken in regs bo in die hoek" -*

Ons is tans besig om nog 'n paar stelsel-uitdagings uit te stryk. Indien jy enige probleme met die intekenproses ondervind, e-pos gerus jou kontakbesonderhede na **navrae@glomedia.tv** en een van ons bekwame assistente sal jou bystaan.

**Toegang is slegs R49 per maand per gesin.**

PXMP93578

Snap here to pay

## KOLLEKTES . BYDRAES = SNAPSCAN

Baie dankie vir almal se volgehoue bydraes en kollektes. Onthou asseblief die verwysings, veral in die Kerkkas se rekening.

## Bankbesonderhede:

**Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Kerkkas.**

**Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238 Verw: Kollekte Barmhartigheid**

SASOLBURG GK

# Iets Nuu(†)s

*Efesiërs 4:16*
*Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*

## 3 Mei 2020

Inligting:

**Gereformeerde Kerk Sasolburg.** h/v Faickney en van Eckstraat

| | |
|---|---|
| **Leraar:** | **Marcel Floor 0828285811** |
| **Admin:** | Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za |
| **Webblad:** | www.gksasolburg.co.za |
| **Barmhartigheid:** | Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com |
| **Geboue:** | PJ Gouws – 079 492 8404 |
| **Koster:** | Sandra vd Sandt 083 457 8904 |
| **Omgeekantoor:** | Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za |

***DIENSBEURT: BLOK D***
**Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid**
**Kollekte by DEURE: Emeritaatsversorging**

Sien betalingsopsies

## VERJAARSDAE

| Verjaar | Noemnaam | Van | Lidmaatstatus | Landlyn | Selfoon |
|---|---|---|---|---|---|
| 05/04 | Pieter | Ligthelm | Belydend | 0169763104 | 0836297105 |
| 05/05 | Melinke | Van Der Sandt | Doop | | 0810243572 |
| 05/09 | Marli | Redelinghuys | Doop | 0169733148 | 0796064063 |

Tema:

**Jesus is my alles in alles!**

# Woordbediening

<u>1 Kor. 2:2, Kol. 3:16a,</u>
<u>Heb. 12:3 (83 Vertaling)</u>
<u>*Fokusverse: 1 Kor. 2:2*</u>,

**"Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as die gekruisigde."**

<u>Kol. 3:16a</u>,

**"Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid"**

<u>Heb. 12:3</u> (83 Vertaling.

**"Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."**

**<u>Inleiding:</u>**

1. Die boodskap van Jesus Christus is onsettend kragtig! (Rom. 1:16)
2. Ongelukkig kan dit in gelowiges se lewe gebeur, dat hierdie boodskap van Jesus sy nuutheid en sy varsheid verloor...
3.
4. Jy sien dit gewoonlik eerste in mense se lewens raak.
5. Die gemeentes in Korinte en Kolosse en ander vroeë gemeentes het ook groot uitdagings gehad, en sommiges het ook die boodskap van Jesus uit die oog verloor.
6. Wat is die teenvoeter as dit gebeur?
   a. Die boodskap van Jesus behoort in die sentrum te bly, en die rykdom van hierdie boodskap behoort in jou hart te bly: **Jesus is my alles in alles!** (1 Kor. 2:2, Kol. 3:16a, Heb. 12:3)

**<u>Die Boodskap van Jesus:</u>**

1. Jesus het méér as genoeg gedoen. (Joh. 19:30)
2. Deur Jesus se bloed is daar volkome vergifnis van sondes (1 Joh. 7, 2 Kor. 5:19)
   a. Hoe volledig die vergifnis / afskryf van sondes is. (Jer. 31:34, Ps. 103:12, Mig. 7:19)
3. Deur Jesus se werk word ek regverdig voor God. (Rom. 3:24, 5:9, ens.)
4. Deur Jesus se werk is ek versoen met God. (Rom. 5:10, Kol. 2:20-21)
   a. Omdat ek versoen is, kan ek sonder vrees en met vrymoedigheid na God gaan (Heb. 10:19-21)
5. Jesus koop jou los en maak jou God se kind – Hy gee jou 'n nuwe status, 'n nuwe posisie, 'n nuwe identiteit! (1 Pet. 1:18-19, Gal. 4:5-6)
6. Jesus maak my heiligmaking moontlik. (HK Sondag 17, Ef. 2:5, Kol. 3:1)
7. Jesus bewaar my vir die ewige lewe. (Joh. 6:39, 10:28, HK Sondag 1).
8. Ons sal op grond van Jesus se verlossing ook in Sy heerlikheid deel. (Kol. 3:4)

**Slot:**

1. Ek hoop jy het vanoggend saam met my weer iets gesien van die rykdom van die boodskap van Jesus.
   a. Jesus is inderdaad ons alles in alles!
2. Hierdie boodskap moet nou ook in sy volle rykdom in julle bly!
   a. Ook in hierdie krisistyd.

## <u>MEELEWING</u>

- ♥ Estelle van der Spuy (0834071457 het baie pyn.
- ♥ Alet Koekemoer was in die hospitaal en is weer tuis, maar sy is baie verswak.
- ♥ Nick en Christine Claassen (0722063223) se kinders wie in Fort McMurry woon. Die rivier is besig om te ontys en die water vloei af in die dorp in. Ons bid vir hulle veiligheid
- ♥ Kan on sook bid vir almal wat finansieël die druk begin voel met salaris verlagings, afdankings, pakette wat aangebied word, ens.

## <u>ROM 8:26-27</u> -

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

(Onthou dit wanneer jy bid...)